

A. HUMAN AND NUTRITIONAL ASPECTS A. MENSLIKE- EN VOEDINGSASPEKTE

GIFTIGE SKIMMELMETABOLIETE

K. J. VAN DER MERWE, DR. RER NAT. GÖTTINGEN, Nasionale Chemiese Navorsingslaboratorium, Pretoria

Alhoewel dit reeds vir meer as 70 jaar bekend is dat skimmels tot die vorming van giftige metaboliete in staat is, was die verband tussen hierdie gifstowwe en sekere siekteverskynsels, met die enkele uitsondering van ergotisme, in die algemeen nie erken nie. Dit is vandag moeilik om te verklaar dat, nieteenstaande die ontdekking van 'n groot aantal antibiotika uit skimmels, geen sistematiese ondersoek na die effek van skimmelmetaboliete op die gesondheid van hoër organismes uitgevoer is nie.


Die onlangse ontdekking van die aflatoksienprobleem en die besef dat daar in alle waarskynlikheid ander giftige skimmelmetaboliete van vergelykbare belangrikheid mag bestaan, het nie alleen wêreldwye belangstelling vir die probleem van mikotoksikose uitgelok nie, maar het tot 'n grootskaalse soektog na nuwe giftige skimmelmetaboliete gelei. Voor 'n bespreking van werk wat in hierdie verband aan die Nasionale Chemiese Navorsingslaboratorium gedoen word, is dit wenslik om enkele chemiese aspekte van mikotoksikoses, wat by 'n sodanige ondersoek van belang is, aan te dui.

Chemiese Strukture

Die chemiese strukture van 'n aantal bekende mikotoksiene word in Afb. 1 weergegee. Dit wissel van relatief eenvoudige stowwe soos die oksalaat-ioon (volgens literatuur, o.a. vir die giftigheid van *Aspergillus niger* verantwoordelik) en β -nitropropioonsuur ('n kankerverwekkende gifstof wat deur verskillende skimmels gevorm word) tot ingewikkeld molekule soos byssochlamiensuur en die peptied-agtige islanditoksiene. Byssochlamiensuur, wat 'n relatief ongewone negelid ring en twee anhidried groepe-rings bevat, word deur die skimmel *Paecilomyces varioti* gevorm en staan in verband met sg. haemorrhagiese siekte by kuikens. Islanditoksiene is 'n kankerverwekkende stof

wat deur die skimmel *Penicillium islandicum* gevorm word en hoofsaaklik vir die giftigheid van sg. Islandia geel rys in Japan verantwoordelik is. Drie van die boustene in hierdie molekuul is van 'n baie buitengewone aard. Behandeling met 'n baie verdunde ammoniak oplossing verwyder die chloor atome en onneem die stof sy giftigheid.

Ververe voorbeeld word in Afb. 2 uitgebeeld. Sporidesmin, 'n ingewikkeld organiese molekuul wat beide chloor en swawel bevat, is 'n hepatotoksiese metaboliet wat deur




Byssochlamidium

Islanditoksien (*Penicillium islandicum*)

Afb. 1

die skimmel *Pithomyces chartarum* gevorm word en vir die voorkoms van sg. 'facial eczema' onder skape in Nieu-Seeland verantwoordelik is. Een van die beter bekende voorbeeld van mikotoksikoses onder mense is ergotisme,



Sporidesmin
(*Pithomyces chartarum*)

Liseriensuur

Afb. 2

'n toestand wat sporadies in Sentsraal en Noord-Europa aangetref is en nog so onlangs as 1953 as 'n epidemie in Frankryk gerapporteer is. Dit volg op die gebruik van brood berei uit rog waarop die skimmel *Claviceps purpurea* voorkom. Die aktiewe komponente is alkaloïede wat afgelei kan word van die basiese skelet lisergiensuur.

Hierdie voorbeeld toon dat mikotoksiene nie tot enige bepaalde klas van organiese verbindings behoort nie, maar chemies grootliks van mekaar kan verskil. Dit verklaar nie alleen gedeeltelik die uiteenlopende aard van siekterisksynsels wat hul veroorsaak nie, maar maak dit onmoontlik om in die geval van 'n onbekende mikotoksie vooraf die gesikste isolasieprocedure te bepaal. Sodanige metode kan slegs uit 'n sistematische ondersoek, waarin elke stap van skeiding met behulp van giftigheidsproewe gevvolg word, verkry word.


Die konsentrasie waarin mikotoksiene op skimmelbesmette voedsel aangetref word, is gewoonlik in die orde van een deel per miljoen en laer. Alhoewel dit vandaag met behulp van moderne chromatografiese skeidingsmetodes moontlik is om die gifstof selfs by hierdie groot verdunning te isolateer, is die opbrengs uit hierdie bron gewoonlik ontoreikend vir 'n uitgebreide chemiese en toksikologiese ondersoek. Daar word dus in die reël gepoog om reeds op 'n vroeë stadium van die ondersoek verskimmelde materiaal van 'n hoër giftigheid met behulp van suwer skimmelkulture in die laboratorium te berei. By sodanige stap moet egter in gedagte gehou word dat die veranderde toestande, waaronder die skimmel in die laboratorium gekweek word, gifstofproduksie in sommige gevalle sterk kan beïnvloed.

Omgewingsfaktore

Die invloed van omgewingsfaktore op gifstofproduksie word duidelik in geval van die sg. 'alimentary toxic aleukia' geïllustreer. Hierdie siekte, wat veral tussen 1942 en 1947 onder mense in Rusland voorgekom het, het sy toppunt in 1944 bereik toe dit in sekere dele van die Orenburg distrik vir sterfte van meer as 10% van die bevolking verantwoordelik was. Dit volg op die gebruik van brood berei uit graan wat geruime tyd deur sneeu bedek was en deur die skimmele *Fusarium sporotrichoides*, *Cladosporum epiphyllum* en *Cladosporum fagi* besmet is. Die gifstowwe wat dié siekte veroorsaak, word in Afb. 3 aangetoon. Dit is


gevind dat geen van hierdie gifstowwe by gewone kamertemperatuur gevorm word nie, maar wel wanneer die skimmel by lae temperatuur, veral rondom 0°C groei. Van dié gifstowwe is so stabiel dat dit na 6 jaar nog in opgebergde graan voorkom en ook nie tydens die bak van brood vernietig word nie.

Nog 'n voorbeeld word in Afb. 4 aangetoon. Dikumarien




Fusariogenien

(*Fusarium sporotrichoides*)




Epicladosporiensuur (*Cladosporum epiphyllum*)




Fagicladosporiensuur (*Cladosporum fagi*)


Afb. 3



Dikumarien



Patulien
(*Penicillium urticae*)



Kumarien


Afb. 4

is die mikotoksiene wat vir die sg. haemorrhagiese soetklawer vergiftiging onder beeste verantwoordelik is. Dit word deur 'n *Aspergillus* uit kumarien gevorm, 'n stof wat in die klawer self voorkom. Daar die skimmel self geen


kumarien kan sintetiseer nie, is mikotoksieneproduksie streng van die teenwoordigheid van kumarien in die voedingsmedium afhanglik.

Die giftigheid van mikotoksiene is nie noodwendig altyd tot mens en dier beperk nie, maar affekteer soms ook die

Die Aflatoksiene




Aspergilliensuur
Flavien
Oksaalsuur
Kojiensuur



Maltoryzien
(*Aspergillus oryzae* var. *microsporus*)

Afb. 5



Chromatografie op neutrale silica




Elueering met:	benseen	660 g (3.30%) nie giftig
	benseen-chloroform 1:1	90 g (0.45%) nie giftig
	chloroform	24 g (0.12%) nie giftig
	chloroform-metanol 19:1	350 g (1.75%) giftig
	metanol	24 g (0.12%) nie giftig

Bikarbonaat oplosbaar	Chloroform oplosbaar
34 g (0.17%) Giftig	340 g (1.75%) Nie giftig

Ioonuitruiler chromatografie (1500 fraksies)
0.5 g ochratoksiene A (0.0025%)

Afb. 6

Die Ochratoksiene



groei van mikroorganismes of plante. Dit word weerspieël in die feit dat sekere antibioties-aktiewe stowwe, wat gedurende die soektog na antibiotika gevind en as te giftig bewys is, vandag van ons bekende mikotoksiene is. 'n Enkele voorbeeld hiervan is patulien (Afb. 4), 'n bekende antibioties-aktiewe metaboliet uit *Penicillium urticae* wat verantwoordelik is vir moutvoervergiftiging by beeste.

Daar moet egter onthou word dat 'giftige' antibioties-aktiewe metaboliete en 'giftige' phytotoxine in 'n ander verband geïsoleer is en dus nie noodwendig altyd met betrekking tot mikotoksiene van groot belang hoef te wees nie. Sekere skimmels is naamlik in staat om meer as een gifstof te sintetiseer, soos duidelik in die geval van *Aspergillus flavus* geïllustreer kan word (Afb. 5). Die belangrikheid, wat elkeen van hierdie stowwe met betrekking tot mikotoksiene besit, hang van die relatiewe hoeveelhede waarin hul voorkom en hul relatiewe giftigheid af.

Aspergillus ochraceus is 'n skimmel wat wyd versprei in die natuur voorkom en waarvan die giftigheid onlangs deur die Mikrobiologiese Navorsingsgroep van die WNNR aangetoon is. *Aspergillus ochraceus* maak 'n deel uit van

die mikroflora van 'katsuo bushi' en ander gefermenteerde vispreparate wat in die Verre Ooste gebruik word, terwyl sy vermoë om 'n gewensde geurverandering tydens die fermentering van koffie te bewerkstellig, deur 'n patent gedeck word. Daar is aan die einde van 1963 aan die Nasionale Chemiese Navorsingslaboratorium van die WNNR met 'n chemiese ondersoek na giftige skimmelmetaboliete uit hierdie skimmel begin.

'n Giftige stam van die skimmel is op groot skaal in die laboratorium op gesteriliseerde mielimeel gekweek, en die ekstraksieprocedure en fraksioneringsmetodes wat aangewend is om die gifstof suwer te isoleer, word in Afb. 6 opgesom. Giftigheidsproewe, wat beide kwalitatief en semi-kwantitatief van aard is, is na elke stap gebruik om die suiwering van die gifstof te volg en seker te maak dat die aktiewe komponent nie gedurende hierdie behandeling ontbind nie. Dit kon uiteindelik aangetoon word dat slegs een metaboliet, waaraan die naam ochratoksiene A toegeken is, vir die giftigheid van hierdie skimmel verantwoordelik is.

In Afb. 7 word die chemiese strukture van ochratoksiene A en twee newe-komponente, ochratoksiene B en C, aangegee, wat onlangs veral met behulp van fisies-chemiese metodes soos massaspektrometrie, kernmagnetiese resonans, infrarooi- en ultravioletspektroskopie alhier opgeklaar is. Slegs ochratoksiene A is giftig en sy toksikologiese aspekte is reeds deur dr. Theron behandel. Die strukture van ochratoksiene B en C toon dat die verwydering van chloor of die verestering van die karbosielgroep ochratoksiene A sy giftigheid ontneem.

SUMMARY

Certain chemical aspects connected with the problem of mycotoxicosis are discussed. As a result of the discovery of the aflatoxins, a group of carcinogenic hepatotoxins produced by the fungus *Aspergillus flavus*, several research groups are now carrying out an extensive search for new toxic fungal metabolites. A short summary is given of the toxic fungal metabolites which are known today and of work being carried out in this connection at the National Chemical Research Laboratory of the CSIR.